



Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)



Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

PRICES: S.A... 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

Vol. 229

PRETORIA 17 DESEMBER 1986
17 DECEMBER

4477

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANVAAL (Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die 10e Vloer, Merino Gebou ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar)

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R21,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 50c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 40c elk plus AVB.

Verkrygbaar by Kamer A600, Provinsiale Gebou, Pretoria 0002.

Sluitingstyd vir Aannee van Advertensies

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 16h00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R1,80 per sentimeter. Herhaling — R1,20.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

CG D GROVE
Provinsiale Sekretaris
K 5-7-2-1

BELANGRIKE AANKONDIGING

SLUITINGSDATUM VIR ADMINISTRATEURSKENNISGEWING, ENS.

Aangesien 16, 25 en 26 Desember 1986 en 1 Januarie 1987 Openbare vakansiedae is, sal die sluitingstyd vir die aanname van kennisgewings soos volg wees:

16h00 op Maandag 8 Desember 1986 vir die uitgawe van die Provinsiale Koerant van 17 Desember 1986;

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANVAAL (Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in on the 10th Floor, Merino Building. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance)

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R21,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 50c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 40c each plus GST.

Obtainable at Room A600, Provincial Building, Pretoria 0002.

Closing Time for Acceptance of Advertisements

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 16h00 on the Tuesday before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R1,80 per centimetre. Repeats R1,20.

Subscriptions are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria 0001.

CG D GROVE
Provincial Secretary
K 5-7-2-1

IMPORTANT ANNOUNCEMENT

CLOSING TIME FOR ADMINISTRATOR'S NOTICES, ETC.

As 16, 25 and 26 December 1986 and 1st January 1987 are public holidays, the closing time for acceptance of Notices will be as follows:

16h00 on Monday 8 December 1986 for the issue of the *Provincial Gazette* on Wednesday 17 December 1986;

16h00 op Maandag 15 Desember 1986 vir 24 Desember 1986;

16h00 op Maandag 22 Desember 1986 vir 31 Desember 1986; en

16h00 op Maandag 29 Desember 1986 vir 7 Januarie 1987.

LET WEL: Laat kennisgewings sal in die daaropvolgende uitgawe geplaas word.

C C J BADENHORST
Provinsiale Sekretaris

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 2355 17 Desember 1986

MUNISIPALITEIT EDENVALE: WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hiermee ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Edenvale, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 778 van 29 Junie 1977, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur subartikel (4) van artikel 38 deur die volgende te vervang:

"(4) Daar word beskou dat die meter juis registreer as dit voldoen aan die toelaatbare onjuistheid vir die toets van watermeters in gebruik volgens die Regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Handelsmetrologie, 1973, soos gewysig."

PB 2-4-2-104-13

Administrateurskennisgewing 2356 17 Desember 1986

MUNISIPALITEIT EDENVALE: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISENSIES, DIE BEHEER OOR BESIGHEDE EN DIE OPRIGTING VAN PLAKKATE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge Betreffende Lisensies, die Beheer oor Besighede en die Oprigting van Plakkate van die Munisipaliteit Edenvale, afgekondig by Administrateurskennisgewing 71 van 15 Januarie 1986, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van artikel 112(4) deur die volgende te vervang:

"(b) Ten opsigte van elke kandidaat mag daar hoogstens 200 plakkate of ander advertensies op enige enkele tydstop in die munisipale wyk waarin die kandidaat verkiesbaar is, vertoon word, en hoogstens 1 000 mag so in die betrokke parlementêre kiesafdeling vertoon word."

PB 2-4-2-97-13

Administrateurskennisgewing 2357 17 Desember 1986

MUNISIPALITEIT ERMELO: SWEMBADVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101

16h00 on Monday 15 December 1986 for the issue of the Provincial Gazette on Wednesday 24 December 1986;

16h00 on Monday 22 December 1986 for the issue of the Provincial Gazette on Wednesday 31 December 1986; and

16h00 on Monday 29 December 1986 for the issue of the Provincial Gazette on 7 January 1987.

NB.: Late Notices will be published in the subsequent issue.

C C J BADENHORST
Provincial Secretary

Administrator's Notices

Administrator's Notice 2355 17 December 1986

EDENVALE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Water Supply By-laws of the Edenvale Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 778, dated 29 June 1977, as amended, are hereby further amended by the substitution for subsection (4) of section 38 of the following:

"(4) The meter shall be considered to be registering correctly if it complies with the error allowed for the testing of meters in use according to the Regulations issued in terms of the Trade Metrology Act, 1973, as amended."

PB 2-4-2-104-13

Administrator's Notice 2356 17 December 1986

EDENVALE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO LICENCES, BUSINESS CONTROL AND THE ERECTION OF POSTERS

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The By-laws Relating to Licences, Business Control and the Erection of Posters of the Edenvale Municipality, published under Administrator's Notice 71, dated 15 January 1986, are hereby amended by the substitution for paragraph (b) of section 112(4) of the following:

"(b) In respect of each candidate not more than 200 posters or other advertisements shall be exhibited at any one time in the ward in which the candidate is eligible and not more than 1 000 shall be so exhibited in the relevant parliamentary constituency."

PB 2-4-2-97-13

Administrator's Notice 2357 17 December 1986

ERMELO MUNICIPALITY: SWIMMING-BATH BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the

van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Woordomskrywing

1. In hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

“Raad” die Stadsraad van Ermelo, dié Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beamppte aan wie dié komitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel, op gesag van die raad, die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die raad berus, kan deleger, en dit inderdaad gedelegeer het;

“swembad” die munisipale swembad en omvat die perseel, gebou, enige kamer, kleedkamer, afskorting, afdeling, plaaisel, ander geriewe wat ’n eenheid met die swembad vorm en die area gemeet 15 meter vanaf enige hoek of sy van die gebou;

“swembadsuperintendent” enige beamppte van die Raad met toesig oor die swembad belas: Met dien verstande dat enige ander beamppte van die Raad in afwesigheid van die swembadsuperintendent bekleed is met die regte, bevoegdhede en verpligtinge van die swembadsuperintendent en tydelike beheer en toesig oor die swembad kan waarneem.

Regte deur die Raad Voorbehou

2. Die Raad kan —

(a) die tye wanneer die swembad vir gebruik beskikbaar is, en die ure en tydperke waarvolgens die swembad oop is, van tyd tot tyd vasstel: Met dien verstande dat die Raad die swembad tydens sodanige oop ure kan sluit indien enige dringende omstandighede wat mag ontstaan dit sou vereis, in welke geval ’n kennisgewing van so ’n sluiting by die ingang van die swembad as afdoende beskou word;

(b) dae of tye reserveer vir spesiale gebruik van die swembad en toegang tot die swembad te eniger tyd aan iemand weier wanneer daar watersport, galas of wedstryde gehou word, of vir enige ander tye soos deur die Raad besluit;

(c) deur middel van die swembadsuperintendent toegang weier aan iemand wat skuldig bevind is aan ’n oortreding van hierdie verordeninge of wat onbehoorlik optree, onder die invloed van alkoholiese of bedwelmende drank skyn te wees of in die verlede gelas is om die swembad te verlaat as gevolg van onbehoorlike gedrag;

(d) toegang aan enige persoon weier sonder opgaaf van redes: Met dien verstande dat sodanige persoon binne sewe dae appèl by die Raad kan aanteken teen sodanige weiering.

Gebruik van Swembad

3.(1) Iemand wat die swembad gebruik, moet —

(a) ten alle tye behoorlik gekleed gaan en behoorlike en fatsoenlike swemklere dra;

(b) te alle tye redelike en behoorlike sorg dra by die gebruik van die swembad.

(2) Iemand, indien hy daartoe gelas word deur die swembadsuperintendent, of enige ander gemagtigde beamppte van die Raad, moet die swembad en terrein onmiddellik verlaat of enige ander opdragte wat daarop gemik is om die ordelike gebruik van die swembad en terrein te verseker, nakom of daaraan uitvoering gee.

(3) Iemand wat hom te eniger tyd op die perseel of in die swembad bevind, doen dit op eie risiko en die Raad word hierby gevrywaar teen enige eise wat mag voortspruit uit

Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

Definitions

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

“Council” means the Town Council of Ermelo, the Council’s Management committee, acting under the powers delegated to it in terms of section 58 of the Local Government Ordinance (Administration and Elections), 1960, and any officer to whom that Committee has been empowered by the council in terms of subsection (3) of the said section to delegate and has in fact delegated powers, functions and duties vesting in the council in relation to these by-laws;

“swimming-bath” means the municipal swimming-bath and includes the premises, building, any room, dressing-room, partition, compartment, paving, any other facilities which form a unit with the swimming-bath and the area measured 15 metres from any corner or side of the building;

“swimming-bath superintendent” means any officer of the Council appointed to take charge of the swimming-bath: Provided that any other officer of the Council shall be vested with the rights, powers and duties of the swimming-bath superintendent in his absence and may temporarily take charge and control of the swimming-bath.

Rights reserved by the Council

2. The Council may —

(a) determine from time to time the times when the swimming-bath shall be available for use and the hours and periods during which the swimming-bath shall be open: Provided that the Council may close the swimming-bath during such open hours if any urgent circumstances should arise which would require the closing of the swimming-bath, and a notice to that effect at the entrance to the swimming-bath shall be deemed sufficient for that purpose;

(b) set aside days for the special use of the swimming-bath and refuse admission to the swimming-bath to any person at any time when aquatic-sports, galas or competitions are being held, or any other periods determined by the Council;

(c) by means of the swimming-bath superintendent, refuse admission to any person who has been found guilty of a contravention of these by-laws, or who’s conduct is improper, or who appears to be under the influence of alcoholic or intoxicating liquor or who had in the past been ordered to leave the swimming-bath as a result of improper conduct;

(d) refuse admittance to any person without affording reasons: Provided that such a person may appeal within seven days to the Council against such refusal.

Use of the Swimming-bath

3.(1) Any person using the swimming-bath, shall —

(a) be properly dressed at all times and wear a proper and respectable bathing costume;

(b) at all times take reasonable and proper care in using the swimming-bath.

(2) any person shall, on request of the swimming-bath superintendent, or any other authorized officer of the Council, leave the swimming-bath and site immediately, or carry out such instructions directed to him by the said officer in order to ensure the orderly use of the swimming-bath and site.

(3) Any person who is on the premises or in the swimming-bath at any time shall be there at his own risk and the Council shall hereby be indemnified from any claims that may arise

enige besering of lewensverlies wat deur enige persoon op die perseel of in die swembad opgedoen kan word.

(4)(a) Die Raad is nie aanspreeklik daarvoor om enig iemand te vergoed vir enige skade wat hy gelyk het as gevolg van die verlies, diefstal of vernietiging van enige kledingstukke of ander persoonlike besittings op die perseel waarop die swembad geleë is nie.

(b) Enige eiendom van watter aard ook al wat aan 'n besoeker of aan enige ander persoon behoort wat in die swembad gelaat word en nie binne 30 dae teruggeëis word nie, word verbeur aan die Raad, en oor beskik soos deur die Raad voorgeskryf.

(5) Die swembadsuperintendent is by magte om te bepaal hoeveel persone tegelykertyd van die swembad gebruik mag maak en sy besluit in dié verband is afdoende.

(6) Iemand wat die swembad of ander fasiliteite wil gebruik moet die tarief wat deur die Raad ingevolge artikel 80(B) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel is, betaal.

Verbode Handelinge

4. Niemand mag —

(a) op gewelddadige of onbehoorlike wyse probeer om toegang tot die swembad te verkry nie, terwyl die swembad beset word deur die volle aantal persone wat die swembad op dieselfde tyd mag gebruik, soos deur die swembadsuperintendent van tyd tot tyd bepaal;

(b) die swembad betree of binnegaan buite die ure wat die swembad vir die publiek oopgestel is nie, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, tensy skriftelike toestemming van die Raad verkry is;

(c) te eniger tyd nadat hy tot die swembad toegelaat is, enige geriewe binnegaan of trag om toegang daartoe te verkry wanneer dit deur enigiemand anders beset word, sonder die toestemming van sodanige persoon, of andersins opsetlik inbreuk maak op of hom bemoei met die privaatheid van enige sodanige persoon wat die swembad gebruik;

(d) in die swembad spuug of 'n oorlas begaan nie, of in enige gedeelte van die onderdak gedeelte van die gebou rook nie;

(e) te eniger tyd enige slot, kraan, klep, pyp of masjien of masjinerie in verband met die swembad opsetlik of nalatig breek of beskadig of hom op onbehoorlike wyse met die behoorlike werking daarvan bemoei nie, of enige meubels, monterings of geriewe van die swembad, opsetlik of nalatig beskadig nie;

(f) te eniger tyd, terwyl hy op die perseel is, deur wanordelike of onbehoorlike-gedrag, iemand anders by die behoorlike gebruik van die swembad of 'n beampete deur die Raad aangestel by die behoorlike uitoefening van sy plig steur of hinder nie;

(g) veroorsaak of toelaat dat enige hond, of dier wat aan hom behoort of onder sy beheer is, die swembad binnegaan of daarin bly nie;

(h) enige vrugteskille of vrugte of enige glas of skerp voorwerp of papier of enige ander goedere op die perseel gooi, strooi of laat lê wat inbreuk kan maak op die sindelikeit van die swembad of wat oorlas, gevaar of ongeluk aan persone wat dit gebruik, kan veroorsaak nie;

(i) enige voedsel, drank of goedere in glashouers op die perseel bring of gebruik nie tensy daartoe deur die swembadsuperintendent gemagtig;

(j) met 'n bal, tennising, motorbinneband of enige ander speelgoed of voorwerp of enige speletjie speel wat na die me-

from any injuries which may be sustained by or loss of life of any person on the premises or in the swimming-bath.

(4)(a) The Council shall not be liable to make good to any person nor to compensate any person for any damage suffered by him by reason of the loss, theft or destruction of any clothing or other personal belongings upon the premises on which the swimming-bath is situated.

(b) Any property of whatever nature, belonging to any visitor or any other person, which if left in the swimming-bath and is not claimed within 30 days, shall be forfeited to the Council and disposed of, as prescribed by the Council.

(5) The swimming-bath superintendent is vested with authority to determine the number of people allowed to use the swimming-bath at the same time, and his decision in this regard shall be final.

(6) Any person using the swimming-bath or any other facilities, shall pay the tariff determined by the Council in terms of section 80(B) of the Local Government Ordinance, 1939.

Prohibited Actions

4. No person shall —

(a) by forcible or improper means, seek admission to the swimming-bath when it is occupied by the full number of persons authorized to use the swimming-bath at the same time, as determined by the swimming-bath superintendent from time to time;

(b) set foot on or enter the swimming-bath outside the hours the swimming-bath is open for the public, as determined by the Council from time to time, unless written permission is obtained from the Council;

(c) at any time after being admitted to the swimming-bath enter or seek admission to any facilities when occupied by any other person, without the consent of such person, or otherwise knowingly intrude upon or interfere with the privacy of any other such person using the swimming-bath;

(d) spit or commit any nuisance in the swimming-bath or smoke in the roofed section of the building;

(e) at any time wilfully or negligently break or damage or improperly interfere with the due and efficient action of any lock, cock, valve, pipe, engine or machinery in connection with the swimming-bath, or wilfully or negligently damage any furniture, fittings or conveniences of the swimming-bath;

(f) at any time upon the premises, by any disorderly or improper conduct, disturb or interrupt any other person in the proper use of the swimming-bath or any officer appointed by the council in the proper execution of his duty;

(g) cause or allow any dog or animal belonging to him or under his control, to enter or remain in the swimming-bath;

(h) throw about, strew or deposit on the premises any fruit peels or fruit or any glass or sharp object or paper, or any matter or thing liable to interfere with the cleanliness of the swimming-bath or cause annoyance, danger, or accident to persons using same;

(i) be allowed to take any food, liquor or any article in glass containers onto the premises nor to use such articles, unless duly authorized thereto by the swimming-bath superintendent;

(j) play with a ball, tenniquoit ring, motortube, or any other toy or object, or any game which in the opinion of the

ning van die swembadsuperintendent, hinderlik, gevaarlik of skadelik vir ander baaiers kan wees nie;

(k) te eniger tyd met rolskaatse op die plaveisel om die swembad of enige gedeelte van die gebou en perseel ry nie;

(l) te eniger tyd terwyl hy op die perseel is, enige onwettige, onbehoorlike of beledigende taal gebruik of hom op onwettige, onbehoorlike, of beledigende wyse gedra of enige oorlas op die perseel veroorsaak nie;

(m) te eniger tyd terwyl hy in die swembad is, enige seep of ander stowwe of preparate waardeur die water in die swembad troebel of ongeskik vir die behoorlike gebruik van baaiers gemaak kan word, gebruik nie;

(n) te eniger tyd, terwyl hy aan enige huidsiekte, aansteeklike of besmetlike siekte, of oop wonde of sere ly, die swembad binnegaan of daarvan gebruik maak nie;

(o) enige alkoholiese- of bedwelmende drank op die perseel van die swembad inbring of gebruik nie, behalwe waar vooraf skriftelike toestemming van die Raad verkry is;

(p) die swembad besoek terwyl hy volgens die oordeel van die swembadsuperintendent onder die invloed van alkoholiese of bedwelmende drank verkeer nie, en indien dit wel so gebeur sal die swembadsuperintendent of die Raad se personeel geregtig om sodanige persoon van die swembad te verwyder of te laat verwyder.

Misdrywe en Strawwe

5. Iemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of beide sodanige boete en gevangenisstraf.

Herroeping van Verordeninge

6. Die Swembadverordeninge van die Munisipaliteit Ermelo, afgekondig by Administrateurskennisgewing 2 van 5 Januarie 1938, soos gewysig, word hierby herroep.

PB 2-4-2-91-14

Administrateurskennisgewing 2358 17 Desember 1986

MUNISIPALITEIT HEIDELBERG: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE DIE HUUR VAN SALE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge Betreffende die Huur van Sale van die Munisipaliteit Heidelberg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 708 van 11 Mei 1983, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur subartikel (3) van artikel 2 deur die volgende te vervang:

“(3) Geen godsdienstige denominasie, ongeag wie die huurder ook al mag wees, mag op meer as sewe dae in enige tydperk van 12 maande enige van die lokale genoem in subartikel (1) vir godsdienstige of enige ander geestelike doeleindes gebruik nie: Met dien verstande dat geen persoon in sy privaathoedanigheid enige van die genoemde lokale sonder die toestemming van die Raad vir godsdienstige of enige ander geestelike doeleindes mag gebruik nie.”.

2. Deur subartikel (1) van artikel 18 deur die volgende te vervang:

“(1) Geen lokaal mag aan enige ander persoon as 'n blanke verhuur word nie, en geen huurder mag sodanige ander per-

swimming-bath superintendent, may be a nuisance or injurious to other bathers;

(k) at any time roller skate on the paving around the swimming-bath or any part of the building and premises.

(l) at any time while on the premises use any indecent, improper or offensive language or behave in any indecent, improper or offensive manner, or cause any nuisance on the premises;

(m) at any time in the swimming-bath use any soap or other substance or preparation whereby the water in the swimming-bath may be rendered turbid or unfit for the proper use of bathers;

(n) at any time, while suffering from any cutaneous, contagious or infectious disease, or open wound or sores, enter or use the swimming-bath;

(o) bring onto or into the premises of the swimming-bath any alcoholic or intoxicating liquor, save where prior permission is obtained from the Council;

(p) visit the swimming-bath while being according to the judgement of the swimming-bath superintendent under the influence of alcoholic or intoxicating liquor, and if this should in fact occur the swimming-bath superintendent or the Council's personnel shall be entitled to remove, or have such a person removed from the swimming-bath.

Offences and Penalties

5. Any person who contravenes any provision of these by-laws, shall be guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine not exceeding R300 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 3 months or to both such fine and imprisonment.

Repeal of By-laws

6. The Swimming-bath By-laws of the Ermelo Municipality, published under Administrator's Notice 2, dated 5 January 1938, as amended, are hereby repealed.

PB 2-4-2-91-14

Administrator's Notice 2358 17 December 1986

HEIDELBERG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO THE HIRE OF HALLS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The By-laws Relating to the Hire of Halls of the Heidelberg Municipality, published under Administrator's Notice 708, dated 11 May 1983, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for subsection (3) of section 2 of the following:

“(3) No religious denomination, whoever the hirer may be, shall use any of the halls mentioned in subsection (1) on more than seven days in any period of 12 months for religious or any spiritual purposes: Provided that no person in his private capacity may use any of the said halls for religious or spiritual purposes without the consent of the Council.”.

2. By the substitution for subsection (1) of section 18 of the following:

“(1) No hall shall be let to any person other than a white person, and the hirer shall not admit such other person to the

sone in die saal toelaat of toelaat dat hy op die verhoog optree nie, tensy die Raad vooraf andersins besluit: Met dien verstande dat 'n *bona fide*-werknemer van die Raad of van die huurder tot 'n lokaal toegelaat kan word en daarin wees, maar dan alleenlik in die uitvoering van sy amptelike pligte.”;

PB 2-4-2-94-15

Administrateurskennisgewing 2359 17 Desember 1986

MUNISIPALITEIT MIDDELBURG: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE REGULERING VAN PARKE, ONTSPANNINGSOORDE, SPORTTERREINE EN BOTE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge vir die Regulering van Parke, Ontspanningsoorde, Sportterreine en Bote van die Munisipaliteit Middelburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1354 van 21 November 1979, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 5 van Deel I van die Tarief van Gelde onder die Bylae die syfer “R1” deur die syfer “R2” te vervang.

PB 2-4-2-69-21

Administrateurskennisgewing 2361 17 Desember 1986

MUNISIPALITEIT AKASIA: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148, van 21 Februarie 1951, soos gewysig, en wat ingevolge Proklamasie 138 (Administrateurs-) 1984, gelees met artikel 159*bis* (1)(c) van genoemde Ordonnansie, die verordeninge van die Stadsraad van Akasia geword het, word hierby verder gewysig deur artikels 65 tot en met 85 onder Hoofstuk 2 van Deel IV, en hoofstuk 14 onder genoemde Deel te skrap.

PB 2-4-2-77-90

Administrateurskennisgewing 2360 17 Desember 1986

VERKRYGING VAN GROND VIR DIE AANLEG EN INSTANDHOUDING VAN OPENBARE- EN PROVINSIALE PAD PWV 15: BOKSBURG MUNISIPALE GEBIED

Kragtens artikel 7(1) van die Padordonnansie, 1957, gee die Administrateur hierby kennis dat hy die gedeeltes van Erwe 428, 429 en 765 Atlasville Uitbreidings 1 en 2 soos op bygaande sketsplan aangedui, hierby verkry en in die naam van die Staat laat registreer vir die aanleg en instandhouding van Openbare- en Provinsiale Pad PWV 15.

Die grond aldus verkry is fisies afgebaken.

UKB 604 van 24 Maart 1986
Verwysing: 10/4/1/4-PWV15(1)

hall or allow him to perform on the stage unless the Council has beforehand resolved otherwise: Provided that a *bona fide* employee of the Council or of the hirer may be allowed into a hall and be therein but then only for the carrying out of his official duties.”.

PB 2-4-2-94-15

Administrator's Notice 2359 17 December 1986

MIDDELBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE REGULATION OF PARKS, RECREATION RESORTS, SPORTS GROUNDS AND BOATS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The By-laws for the Regulation of Parks, Recreation Resorts, Sports Grounds and Boats of the Middelburg Municipality, published under Administrator's Notice 1354, dated 21 November 1979, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 5 of Part I of the Tariff of Charges under the Schedule for the figure “R1” of the figure “R2”.

PB 2-4-2-69-21

Administrator's Notice 2361 17 December 1986

AKASIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of Section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Public Health By-laws, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February 1951, as amended, and which in terms of Proclamation 138 (Administrator's) 1984, read with section 159*bis* (1)(c) of the said Ordinance, became the by-laws of the Town Council of Akasia, are hereby further amended by the deletion of sections 65 to 85 inclusive of Chapter 2 under Part IV, and Chapter 14 under the said Part.

PB 2-4-2-77-90


Administrator's Notice 2360 17 December 1986

ACQUISITION OF LAND FOR THE CONSTRUCTION AND MAINTENANCE OF PUBLIC AND PROVINCIAL ROAD PWV 15: MUNICIPAL AREA OF BOKSBURG

In terms of section 7(1) of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby gives notice that he hereby acquires and causes it to be registered in the name of the State the portions of Erven 428, 429 and 765 Atlasville Extensions 1 and 2 as indicated on the subjoined sketch plan for the construction and maintenance of Public- and Provincial Road PWV 15.

The land so acquired has been physically demarcated.

ECR 604 dated 24 March 1986
Reference: 10/4/1/4-PWV15(1)



DIE FIGUUR (I) DR20 - DR24, DR20 STEL VOOR GROND VERKRY VIR DIE AANLEG EN INSTANDHOUDING VAN N OPENBARE PAD EN IN DETAIL GETOON OP PLAN PRS77/108/2V

THE FIGURE(I) DR20 - DR24, DR20 REPRESENTS LAND ACQUIRED FOR THE CONSTRUCTION AND MAINTENANCE OF A PUBLIC ROAD AND DEPICTED IN DETAIL ON PLAN PRS77/108/2V

U.K.B./E.C.R. 604 (1986.03.24) BUNDEL No/FILE No: 10/4/1/4/PWV15 (1)

KO-ORDINATELYS/CO ORDINATE LIST. Lo27. Konst/Const: Y= -0.00 X=+2 800 000, 00

DR20	+72132.27	+84428.85	DR21	+72134.92	+94396.49	DR22	+72132.89	+94385.71	DR23	+72021.97	+94399.72
						DR24	+72010.11	+84428.38			

Administrateurskennisgewing 2362

17 Desember 1986

MUNISIPALITEIT SANDTON: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Sandton, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 425 van 31 Maart 1976, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 van Deel I van die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur in subitem (1)(c) en (d)(ii) die syfer "7,25c" deur die syfer "8,21c" te vervang.
2. Deur paragraaf (e) van subitem (1) te skrap.
3. Deur in subitem (2)(c)(i)(aa) en (bb) die syfers "51c" en "R6,63" onderskeidelik deur die syfers "R3" en "R9" te vervang.
4. Deur paragraaf (ii) van subitem (2)(c) deur die volgende te vervang:
" (ii) 'n Energieheffing ten opsigte van alle gemete verbruik, per kW.h: 10,12c. "
5. Deur paragraaf (d) van subitem (2) te skrap.
6. Deur in subitem (3)(c)(i), (ii) en (iii) die syfers "R14,79", "R22" en "2,40c" onderskeidelik deur die syfers "R20", "R23,10" en "2,52c" te vervang.

Administrator's Notice 2362

17 December 1986

SANDTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set forth hereinafter.

The Electricity By-laws of the Sandton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 425, dated 31 March 1976, as amended, are hereby further amended by amending item 2 of Part I of the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution in subitem (1)(c) and (d)(ii) for the figure "7,25c" of the figure "8,21c".
2. By the deletion of paragraph (e) of subitem (1).
3. By the substitution in subitem (2)(c)(i)(aa) and (bb) for the figures "51c" and "R6,63" of the figures "R3" and "R9", respectively.
4. By the substitution for paragraph (ii) of subitem (2)(c) of the following:
" (ii) An energy charge in respect of all metered consumption, per kW.h: 10,12c. "
5. By the deletion of paragraph (d) of subitem (2).
6. By the substitution in subitem (3)(c)(i), (ii) and (iii) for the figures "R14,79", "R22" and "2,40c" of the figures "R20", "R23,10" and "2,52c", respectively.

7. Deur paragraaf (iv) van subitem (3)(c) te skrap.

8. Deur paragraaf (d) van subitem (3) te skrap en paragraaf (e) te hernoem (d).

PB 2-4-2-36-116

Administrateurskennisgewing 2363

17 Desember 1986

MUNISIPALITEIT STILFONTEIN: WYSIGING VAN BEURSLENINGSFONDSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Beursleningsfondsverordeninge van die Munisipaliteit Stilfontein, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1273 van 30 September 1981, soos gewysig word hierby verder gewysig deur artikel 21 deur die volgende te vervang:

"Toekenning van Beurslenings aan Beamptes

21.(1) 'n Beurslening word toegeken aan 'n beampte wat —

(a) permanent in die Raad se diens aangestel is; en

(b) kwalifiseer vir toelating tot die besondere kursus aan die betrokke opvoedkundige inrigting.

(2) Beurslenings word slegs toegeken indien die Raad oortuig is dat die besondere kursus aan 'n beampte die nodige opleiding en akademiese agtergrond in die werksaamhede van plaaslike bestuurswese sal verskaf en die kursus deur die Raad goedgekeur is.

(3) 'n Beurslening aan 'n beampte wat besig is met magister of doktorsale studies aan 'n opvoedkundige inrigting kan ook voorsiening maak vir koste aangegaan ten opsigte van tik-, druk- en bindwerk van skripsies of verhandelinge soos volg:

(a) Magistergraad: R600.

(b) Doktorsgraad: R1 000.

22.(1) 'n Beampte moet skriftelik om 'n beurslening aansoek doen op die voorgeskrewe vorm en moet volle besonderhede verstrek van die beoogde kursus met vermelding van die vakke en modules asook van die opvoedkundige inrigting waar klasse geloop of studiemateriaal verkry sal word.

(2) 'n Beurslening word nie uitbetaal alvorens —

(a) die Raad die betrokke kursus wat 'n beampte voornemens is om te volg, goedgekeur het nie; en

(b) sodanige beampte 'n skriftelike ooreenkoms met die Raad aangegaan het, waarin die bepalinge van hierdie verordeninge herbevestig word.

Finansiering en Delging van Beurslenings

23.(1) Studiekoste wat deur 'n beurslening gedek word, word tydens die duur van die kursus deur die Raad direk aan die betrokke opvoedkundige inrigting by voorlegging van 'n rekening of aan die beampte by voorlegging van 'n kwitansie, betaal.

(2) Aan die einde van die studiejaar waarop 'n beurslening betrekking het, en binne 21 dae nadat eksamenuitslae bekend is, lê die beampte aan die Raad bevredigende bewys voor van eksamenuitslae ten opsigte van die vakke of modules waarvoor ingeskryf was aan die begin van daardie studiejaar en waarvoor die beurslening toegestaan was.

(3) Die Raad kan, as blyk van erkenning vir vakke geslaag, daardie gedeelte van die beurslening *pro rata* tot die totale

7. By the deletion of paragraph (iv) of subitem (3)(c).

8. By the deletion of paragraph (d) of subitem (3) and the renumbering of paragraph (e) to read (d).

PB 2-4-2-36-116

Administrator's Notice 2363

17 December 1986

STILFONTEIN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BURSARY LOAN FUND BY-LAWS

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter.

The Bursary Loan Fund By-laws of the Stilfontein Municipality, published under Administrator's Notice 1273, dated 30 September 1981, as amended are hereby further amended by the substitution for section 21 of the following:

"Granting Bursary Loans to Officers

21.(1) A bursary loan shall be granted to an officer who —

(a) is in the permanent employ of the Council, and

(b) qualifies for admission to a specific course at the educational institution concerned.

(2) Bursary loans shall only be granted if the Council is satisfied that the particular course will provide an officer with the necessary training and academic background in the management of local government, and the course is approved by the Council.

(3) A bursary loan to an officer engaged in master or doctoral studies at an educational institution may provide for expenses incurred in respect of typing, printing and binding of papers or treatise as follows:

(a) Master's Degree: R600.

(b) Doctorate: R1 000.

22.(1) An officer shall apply for a bursary loan on the prescribed form and shall supply full particulars of the intended course stating the subjects, and modules as well as the educational institution where classes will be attended or from which study material will be obtained.

(2) A bursary loan shall not be paid out before —

(a) the Council has approved the specific course an officer intends to follow; and

(b) such officer has entered into a written agreement with the Council wherein the provisions of these by-laws are confirmed.

Financing and Redemption of Bursary Loans

23.(1) Study expenses covered by a bursary loan shall, for the duration of the course, be paid by the Council direct to the educational institution concerned on submission of an account, or to the officer concerned on submission of a receipt.

(2) At the end of the study year in which a bursary loan was applicable, and within 21 days after the examination results have been made public, the officer shall submit satisfactory proof of examination results to the Council in respect of the subjects or modules for which he was enrolled at the beginning of the study year and in respect of which the bursary loan was granted.

(3) The Council may, as a token of appreciation for subjects passed, write off that portion of the bursary loan *pro*

beurslening afskryf: Met dien verstande dat die betrokke beampte hom ingevolge artikel 24 om die vereiste tydperk in die Raad se diens aan te bly en dienoreenkomstig in die Raad se diens aanbly.

(4) Indien 'n beampte enige vakke of modules in 'n bepaalde studiejaar druipe is hy verplig om daardie gedeelte van die beurslening *pro rata* tot die totale beurslening in 'n maksimum van 12 gelyke paaielemente aan die Raad terug te betaal: Met dien verstande dat —

(a) die eerste paaielement betaalbaar is aan die einde van die maand wat volg op die bekendmaking van eksamenuitslae; en

(b) enige paaielement verskuldig ingevolge hierdie artikel maandeliks deur die Raad van die beampte se salaris verhaal word.

Verpligte Diens deur Beampte

24.(1) 'n Beampte is verplig om vir elke suksesvolle studiejaar ten opsigte waarvan 'n beurslening toegestaan is, een jaar diens aan die Raad te lewer onderhewig aan die Raad se normale diens en verloffoorwaardes.

(2) 'n Beampte aan wie 'n beurslening toegestaan is en wat die Raad se diens verlaat alvorens hy een jaar diens soos beoog in subartikel (1) aan die Raad gelewer het, is verplig om die studiebeurs *pro rata* tot die tydperk gewerk na afloop van die suksesvolle studiejaar, aan die Raad terug te betaal en is die bepalinge van artikel 26 van toepassing.

Intrekking van Beurslening

25.(1) Die Raad kan 'n beurslening te eniger tyd intrek indien hy volgens sy uitsluitlike diskresie van oordeel is dat die beampte aan wangedrag skuldig is, nie bevredigende vordering met die studies maak nie of enige ander verpligting ingevolge hierdie verordeninge of die beursleningsoreenkomst nie nakom nie.

(2) Indien die Raad 'n beurslening intrek op grond daarvan dat die beampte nie bevredigende vordering met sy studies maak nie, kan die Raad die beampte toelaat om op eie koste die goedgekeurde kursus voort te sit: Met dien verstande dat indien sodanige beampte na die oordeel van die Raad bevredigend met die kursus vorder, 'n verdere lening aan hom toegestaan word op sodanige voorwaardes as wat die Raad dienstig ag.

(3) Indien die Raad die beurslening intrek, of indien 'n beampte te eniger tyd sy studies staak of van die lening afstand doen, moet die beampte die beurslening onmiddellik aan die Raad terugbetaal en is die bepalinge van artikel 23 van toepassing.

26.(1) Indien 'n beampte te eniger tyd die Raad se diens verlaat om welke rede ook al, en niesteenstaande enige bepaling tot die teendeel, is die volle bedrag van die beurslening of enige uitstaande gedeelte daarvan, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar en het die Raad die reg om op enige salaris, loon, kompensasie of enige ander gelde wat aan 'n beampte verskuldig mag wees, beslag te lê en dit ter delging van die beskuldigde bedrag aan te wend.

(2) 'n Beurslening of enige gedeelte daarvan wat op 'n beampte se laaste werksdag nog uitstaande is, dra rente teen die koers soos deur die Administrateur vasgestel op daardie stadium ingevolge die bepalinge van artikel 50A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig.

Beperking op verdere Beurslenings

27.(1) 'n Beampte wat reeds oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik en voornemens is om vir 'n ander kursus met gelykwaardige kwalifikasies in te skryf, kom nie in aanmerking vir 'n beurslening nie, tensy die Raad dit as in belang van die Raad goedkeur.

rata to the total bursary loan: Provided that such officer undertakes to stay in the employ of the Council for the prescribed period in terms of section 24, and accordingly remains in the Council's employ.

(4) If an officer fails any subject or module in any year of study, he shall be obliged to repay that portion of his bursary loan *pro rata* to the total amount of the bursary loan in a maximum of 12 equal instalments to the Council: Provided that —

(a) the first instalment shall be payable at the end of the month following that on which the examination results are made known; and

(b) any instalment due in terms of this section shall be deducted monthly from the salary of such officer by the Council.

Compulsary Service by Officer

24.(1) Upon the successful completion of every year of study in respect of which a bursary loan was granted, an officer shall be obliged to work in the employ of the Council for one year subject to the standard service and leave conditions of the Council.

(2) Should an officer to whom a bursary loan was granted, leave the employ of the Council before completing one year of service as contemplated in subsection (1), the officer shall be obliged to repay the bursary loan to the Council *pro rata* to the period employed after the completion of the successful study year, and the provisions of section 26 shall be applicable.

Suspension of Bursary Loans

25.(1) The Council may suspend a bursary loan if in its sole discretion the Council is of the opinion that the officer is guilty of misconduct, does not make satisfactory progress with his studies, or fails to fulfil any obligation in terms of these by-laws or any bursary loan agreement.

(2) In the event of the Council suspending a bursary loan on grounds of unsatisfactory progress with his studies, the Council may allow such an officer to continue with the approved course at his own expense: Provided that if the Council is satisfied that such an officer progresses satisfactorily with his course, a further loan may be granted to him, subject to such conditions as the Council may deem fit.

(3) In the event of the Council suspending a bursary loan or an officer suspending his studies or abandoning his bursary loan, the officer shall immediately repay the Council the amount of the bursary loan and the provisions of section 23 shall be applicable.

26.(1) In the event of an officer leaving the service of the Council for whatever reason, and notwithstanding anything to the contrary, the full amount of a bursary loan or any outstanding portion thereof, shall immediately be payable, and the Council shall be entitled to withhold any salary, wages, compensation or any other monies due to such officer and to appropriate it for the payment of the due amount.

(2) A bursary loan or any portion thereof still outstanding on the last working day of such an officer, shall bear interest at a rate fixed at that stage by the Administrator in terms of section 50A of the Local Government Ordinance, 1939, as amended.

Restriction on further Bursary Loans

27.(1) An officer who already has a post graduate qualification and who intends to enrol for another course with equivalent qualification, shall not be considered for a bursary loan unless the Council approves the application as being in the best interest of the Council.

(2) 'n Beampte wat versuim om eksamen af te lê in 'n kursus of module waarvoor hy in enige studiejaar ingeskryf het, ontvang nie enige verdere beurslenings nie tensy sodanige beampte aanvaarbare redes aan die Raad vir sy versuim voorhou en sodanige redes deur die Raad aanvaar word."

PB 2-4-2-121-115

Administrateurskennisgewing 2364 17 Desember 1986

MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP: RIOLERINGS- VERORDENINGE

KENISGEWING VAN VERBETERING

Administrateurskennisgewing 2021 gedateer 29 Oktober 1986 word hierby verbeter deur in paragraaf 2 die uitdrukking "deur die uitdrukking '25%' " te skrap.

PB 2-4-2-34-18

Administrateurskennisgewing 2365 17 Desember 1986

BETHAL-WYSIGINGSKEMA 25

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 51(7)(b) van Ordonnansie 25 van 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Bethal-wysigingskema 25 herroep word.

PB 4-9-2-7H-25

Administrateurskennisgewing 2366 17 Desember 1986

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 1434: GE- DEELTE 1 VAN LOT 58, ORCHARDS

REGSTELLINGSKENNISGEWING

Administrateurskennisgewing 2047 van 29 Oktober 1986 word hiermee gewysig deur die syfers "381" te vervang met die syfers "1434" na die woorde "Johannesburg-wysigingskema".

PB 4-9-2-2H-1434

Administrateurskennisgewing 2367 17 Desember 1986

ROODEPOORT-MARAISBURG-WYSIGINGSKEMA 676

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema, synde 'n wysiging van Roodepoort-Maraiburg-dorpsaanlegskema, 1/1946, wat uit dieselfde grond as die dorp Wibsey Dip bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Roodepoort en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Roodepoort-Maraiburg-wysigingskema 676.

PB 4-9-2-30-676

(2) An officer who fails to write examination in a subject or module for which he has enrolled in any study year, shall not be entitled to any further bursary loan, unless such an officer provides acceptable reasons for the failure and such reasons are accepted by the Council."

PB 2-4-2-121-115

Administrator's Notice 2364 17 December 1986

KRUGERSDORP MUNICIPALITY: DRAINAGE BY- LAWS

CORRECTION NOTICE

Administrator's Notice 2021 dated 29 October 1986 is hereby corrected by the deletion in paragraph 2 of the Afrikaans text of the expression "deur die uitdrukking '25%' ".

PB 2-4-2-34-18

Administrator's Notice 2365 17 December 1986

BETHAL AMENDMENT SCHEME 25

It is hereby notified in terms of section 51(7)(b) of Ordinance 25 of 1965, that the Administrator has approved that Bethal Amendment Scheme 25 be revoked.

PB 4-9-2-7H-25

Administrator's Notice 2366 17 December 1986

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 1434: PORTION 1 OF LOT 58, ORCHARDS

CORRECTION NOTICE

Administrator's Notice 2047 of 29 October 1986 is hereby amended by the substitution for the letters "381" of the letters "1434" after the words "Johannesburg Amendment Scheme".

PB 4-9-2-2H-1434

Administrator's Notice 2367 17 December 1986

ROODEPOORT-MARAISBURG AMENDMENT SCHEME 676

The Administrator hereby in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he has approved an amendment scheme, being an amendment of Roodepoort-Maraiburg Town-planning Scheme, 1/1946, comprising the same land as included in the township of Wibsey Dip.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Roodepoort and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Roodepoort-Maraiburg Amendment Scheme 676.

PB 4-9-2-30-676

Administrateurskennisgewing 2368 17 Desember 1986

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967: ERF 759 DORP NORTHCLIFF UITBREIDING 4

